



Afkortings

herh - herhaal
ks - kettingsteek
lb - langbeen

hekel

Vir die MANNE

DIS 'N HEERLIKE PROJEK WAAR JY HEKEL EN RYGSTEKE
KOMBINEER VIR 'N INTERESSANTE EINDPRODUK

Deur **CHRISTA SWANEPOEL** Foto's **GARETH VAN NELSON**

Wenke

- ✦ Hekel die serp so breed en lank as wat jy verkies.
- ✦ Gebruik enige Chunky-hekeldraad.
- ✦ Kies enige kleure van jou keuse.
- ✦ Maak jou eie kleurdiagram in jou gekose kleure.

WAT HET JY NODIG?


- ✦ Kartopu Melange (100 g)
- ✦ 2 balle beige (k855)
- ✦ 1 bal elk bruin (k4001), groen (k439), mosterd (k1854), rooi (k2117)
- ✦ 7 mm-hekelpen
- ✦ Dik wolnaald

GROOTTE

Sowat 25 cm x 200 cm

KLEURWISSELING

Wissel kleure af soos aangedui in diagram of soos verkies.



STEEK- VERDUIDELIKING

Langbeen aan begin van ry. Jy kan 3 ks vir die eerste langbeen van die ry maak, maar een manier om rye langbene te maak sonder die groot opening tussen

die eerste en tweede langbene van 'n ry, is om die eerste langbeen as volg te maak:

- 1 | Trek die lus op tot so lank as wat 'n langbeen is.
- 2 | Hou die lus op die hekelpen met jou voorvinger vas en moenie laat los tot die einde nie.
- 3 | Bring die punt van die hekelpen vorentoe en onder om na agter (hou steeds die lus stewig vas).
- 4 | Steek die hekelpen van voor af deur die eerste langbeen van ry, haak draad en trek dit deur (3 lusse op naald, een daarvan die oorspronklike lus, wat jy steeds vashou).
- 5 | Voltooi langbeen soos normaalweg en los eers die lus as jy die draad deur laaste twee lusse trek.

AANWYSINGS

Maak 28 ks.

Ry 1 | 1 lb in 4de ks van pen af, en 1 lb in elke ks tot einde (25 lb).

Ry 2 | 1 lb in elke lb tot einde. Herh ry 2 en wissel kleure af soos op diagram of soos verkies tot serp 2 m lank of verlangde lengte is.

RYGWERK

- 1 | Die rygsteke word dubbelgedoen. Knip stringe twee maal die lengte van die serp plus 2 x 20 cm of hoe lank jy fraiings wil hê.

Jy kan dit altyd agterna korter knip.

2 | Ryg eerste kleur op die naald sodat jy 'n dubbele draad het.

3 | Ryg dit bo en onder deur die ry langbene in lengte van die serp.

4 | Ryg die tweede kleur op die naald en ryg dit deur afwisselende langbene teenoor eerste ry soos op diagram.

5 | Herhaal die rygsteke tot dit voltooï is.

6 | Lê die serp plat neer en sorg dat die rygsteke plat lê

en nie die serp intrek nie.

7 | Om die rygsteke te verstewig dat dit nie per ongeluk uittrek nie, druk die hekelpen bo in die eerste langbeen na agter, haak die dubbele rygsteek, trek dit deur, haak die los gedeelte van die dubbele rygsteek en trek dit deur die lus.

Trek dit styf vas.

8 | Maak fraiings teenoor oop langbene.

9 | Knip fraiings gelyk.

Sien verpakkingsmateriaal vir versorgingsinstruksies.

